

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R1,10 Dinsdag 2 September 1986 WINDHOEK Tuesday 2 September 1986 No. 5254

## INHOUD:

## CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
<b>GOEWERMENTSKENNISGEWINGS</b>		<b>GOVERNMENT NOTICES</b>	
No. 164 Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941): Verbod op die gebruik van 'n sekere embleem	3	No. 164 Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941): Prohibition of the use of a certain emblem	3
No. 165 Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941): Voorgenome verbod op die gebruik van 'n sekere embleem	4	No. 165 Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941): Proposed prohibition of the use of a certain emblem	4
No. 166 Opdra van die uitvoering van sekere wetsbepalings aan die Minister van Landbou, Waterwese en Seevisserye	5	No. 166 Assignment of the administration of certain provisions of law to the Minister of Agriculture, Water Affairs and Sea Fisheries	5
No. 167 Oordra van bevoegdhede verleen ingevolge die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), en die Regulasies daarkragtens uitgevaardig, aan beamptes van die Departement van Waterwese	6	No. 167 Delegation of powers granted in terms of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), and the regulations promulgated thereunder, to officials of the Department of Water Affairs	6
No. 168 Opdra van die uitvoering van sekere wetsbepalings aan die Minister van Landbou, Waterwese en Seevisserye	7	No. 168 Assignment of the administration of certain provisions of law to the Minister of Agriculture, Water Affairs and Sea Fisheries	7
No. 169 Opdra van die uitvoering van sekere wetsbepalings aan die Minister van Finansies en Owerheidsake	10	No. 169 Assignment of the administration of certain provisions of law to the Minister of Finance and Governmental Affairs	10
No. 170 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing: Maltahöhe	11	No. 170 Peri-Urban Development Board: Amendment of Electricity Supply Regulations: Maltahöhe	11
No. 171 Munisipale Gebied van Usakos: Lasgewing van maandelikse bydraes kragtens die Ordonnansie insake heffings en bydraes vir inboorlingbehuising, 1961	13	No. 171 Municipal area of Usakos: Direction of monthly contributions under the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961	13
No. 172 Sluiting van plaaspad 289 en 'n gedeelte van plaaspad 249: Distrik Karasburg	14	No. 172 Closing of farm road 289 and a portion of farm road 249: District of Karasburg	14

No. 173	Voorstel dat 'n gedeelte van distrikspad 1999 gesluit moet word: Distrik Swakopmund	15	No. 173	Proposal that a portion of district road 1999 be closed: District of Swakopmund	15
No. 174	Aansoek en versoek dat gedeeltes van plaaspad 1271 gesluit moet word: Distrik Maltahöhe	16	No. 174	Application and request that portions of farm road 1271 be closed: District of Maltahöhe	16
No. 175	Sluiting van 'n gedeelte van distrikspad 1991: Distrik Swakopmund	17	No. 175	Closing of a portion of district road 1991: District of Swakopmund	17
No. 176	Verlegging van 'n gedeelte van grootpad 76: Distrik Damaraland	18	No. 176	Deviation of a portion of main road 76: District of Damaraland	18
No. 177	Sluiting van 'n gedeelte van plaaspad 621: Distrik Keetmanshoop	19	No. 177	Closing of a portion of farm road 621: District of Keetmanshoop	19
No. 178	Verlegging van gedeeltes van grootpad 52: Distrikte Swakopmund, Karibib en Windhoek	20	No. 178	Deviation of portions of main road 52: Districts of Swakopmund, Karibib and Windhoek	20
No. 179	Opdra van die uitvoering van sekere wetsbepalings aan die Minister van Vervoerwese	22	NO. 179	Assignment of the administration of certain provisions of law to the Minister of Transportation	22

**ALGEMENE KENNISGEWINGS**

No. 104	Munisipaliteit Outjo: Wysiging van Gesondheidsregulasies	24
No. 105	Munisipaliteit Outjo: Wysiging van Waterleweringregulasies	25
No. 106	Munisipaliteit Outjo: Wysiging van Swembadregulasies	26
No. 107	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies	27
No. 108	Munisipaliteit Okahandja: Wysiging van Lokasieregulasies	27
No. 109	Munisipaliteit Swakopmund: Wysiging van Riolerings- en Loodgietersregulasies	28
No. 110	Munisipaliteit Gobabis: Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing: Wysiging van Aanslagtarief	30
No. 111	Munisipaliteit Usakos: Wysiging van Dreinerings- en Rioleringsregulasies	31
No. 112	Munisipaliteit Outjo: Wysiging van Lokasieregulasies	32
No. 113	Dorpsbestuur van Leonardville: Wysiging van Model Waterleweringregulasies	33

**GENERAL NOTICES**

No. 104	Municipality of Outjo: Amendment of Health Regulations	24
No. 105	Municipality of Outjo: Amendment of Water Supply Regulations	25
No. 106	Municipality of Outjo: Amendment of Swimming Bath Regulations	26
No. 107	Municipality of Windhoek: Amendment of Native Location Regulations	27
No. 108	Municipality of Okahandja: Amendment of Location Regulations	27
No. 109	Municipality of Swakopmund: Amendment of Drainage and Plumbing Regulations	28
No. 110	Municipality of Gobabis: Electricity Supply Regulations: Amendment of Tariff Fees	30
No. 111	Municipality of Usakos: Amendment of Drainage and Sewerage Regulations	31
No. 112	Municipality of Outjo: Amendment of Location Regulations	32
No. 113	Village Management Board of Leonardville: Amendment of Model Water Supply Regulations	33

No. 114	Munisipaliteit Gobabis: Wysiging van Inboorlinglokasiereregulasies	33	No. 114	Municipality of Gobabis: Amendment of Native Location Regulations	33
No. 115	Munisipaliteit Keetmanshoop: Wysiging van Watervoorsieningsregulasies	34	No. 115	Municipality of Keetmanshoop: Amendment of Water Supply Regulations	34
No. 116	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Gesondheidsregulasies	35	No. 116	Municipality of Windhoek: Amendment of Health Regulations	35
No. 117	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Swembadregulasies	35	No. 117	Municipality of Windhoek: Amendment of Swimming Bath Regulations	35
No. 118	Munisipaliteit Swakopmund: Permanente sluiting van straatgedeelte: Nordringstraat	37	No. 118	Municipality of Swakopmund: Permanent closing of portion of street: Nordring Street	37
No. 119	Dorpsbestuur van Bethanie: Kennisgewing Erf Nr. 274	38	No. 119	Village Management Board of Bethanie: Notice Erf No 274	38

## Goewermentskennisgewings

## Government Notices

### DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

### DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 164 1986

No. 164 1986

#### HANDELSWAREMERKE-WET, 1941 (WET 17 VAN 1941): VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE EMBLEEM

#### MERCHANDISE MARKS ACT, 1941 (ACT 17 OF 1941): PROHIBITION OF THE USE OF A CERTAIN EMBLEM

Kragtens artikel 15(1) van die Handelwaremerke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941), verbied die Kabinet hierby die gebruik van onderstaande embleem van die Sentrale Personeelinstelling, in verband met enige handel, besigheid, beroep of beryf of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsoms krywing wat op ware aangebring is, gesonderd die gebruik daarvan deur genoemde instelling.

Under section 15(1) of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941), the Cabinet hereby prohibits the use of the emblem of the Central Personnel Institution shown below, in connection with any trade, business, profession or occupation or in connection with a trade mark, mark or trade description applied to goods, except the use thereof by the said Institution.



Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek 1 Augustus 1986

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 1 August 1986

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. 165

1986

HANDELSWAREMERKE-WET, 1941  
(WET 17 VAN 1941): VOORGENOME  
VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE  
EMBLEM

Ingevolge artikel 13 van die Handelsware-  
merke-wet, 1941 (Wet 17 van 1941), maak die Ka-  
binet hierby bekend dat hy deur die Regering van  
Rehoboth versoek is om kragtens artikel 15(1) van  
genoemde Wet die gebruik, deur enigiemand an-  
ders as genoemde Regering, van onderstaande  
embleem van die Reho Spa in verband met enige  
handel, besigheid, beroep of bedryf of in verband  
met 'n handelsmerk, merk of handelsomskry-  
wing wat op ware aangebring is te verbied:



Bogenoemde embleem is by die kantoor van die  
Sekretaris van Ekonomiese Sake, Trustbankge-  
bou, Kaiserstraat, Windhoek, ter insae be-  
skikbaar.

Die Kabinet nooi persone wat belang in die saak  
het hiermee uit om vertoë wat hulle in verband  
met die saak wil rig, binne 'n tydperk van dertig

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. 165

1986

MERCHANDISE MARKS ACT, 1941  
(ACT 17 OF 1941): PROPOSED PROHIBITION  
OF THE USE OF A CERTAIN EMBLEM

In terms of section 13 of the Merchandise  
Marks Act, 1941 (Act 17 of 1941), the Cabinet  
hereby gives notice that it has been requested by  
the Government of Rehoboth to prohibit, under  
section 15(1) of the said Act, the use by any per-  
son other than the said Government, of the em-  
blem of the Reho Spa shown below in connection  
with any trade, business, profession or occupa-  
tion or in connection with a trade mark, mark or  
trade description applied to goods:



The above-mentioned emblem shall lie open to  
inspection at the office of the Secretary for Eco-  
nomic Affairs, Trust Bank Building, Kaiser  
Street, Windhoek.

The Cabinet hereby invites persons interested in  
the matter to submit, in writing, any representa-  
tions which they wish to make in connection with

dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik in te dien by die Sekretaris van Ekonomiese Sake, Privaatsak 13297, Windhoek, 9000.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 1 Augustus 1986

the matter to the Secretary for Economic Affairs, Private Bag 13297, Windhoek, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 1 August 1986

## DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 166

1986

### OPDRA VAN DIE UITVOERING VAN SEKERE WETSBEPALINGS AAN DIE MINISTER VAN LANDBOU, WATERWESE EN SEEVISSERYE

Kragtens artikel 30(2) van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), dra die Kabinet hierby die uitvoering van die wetsbepalings wat in die Bylae vermeld word en wat sekere bevoegdhede, pligte of werksaamhede aan die Kabinet toewys, aan die Minister van Landbou, Waterwese en Seevisserie op.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 17 Junie 1986

## BYLAE

1. Artikels 2(c), 2(i), 3(1), 5(2)(a), 5(2)(b), 21(1)(a), 21(5), 22(1), 22(2), 30(2A)(a), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6), 57(1), 66(2) en 166 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).
2. Regulasies 7(b), 16, 20(b), 20(c), 22(a), 22(b), 23, 24 en 26 van die Regulasies kragtens die Waterwet, 1956, betreffende die Adviserende Waterraad vir Suidwes-Afrika, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R.1277 van 23 Julie 1971.

## DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 166

1986

### ASSIGNMENT OF THE ADMINISTRATION OF CERTAIN PROVISIONS OF LAW TO THE MINISTER OF AGRICULTURE, WATER AFFAIRS AND SEA FISHERIES

Under section 30(2) of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), the Cabinet hereby assigns to the Minister of Agriculture, Water Affairs and Sea Fisheries the administration of the provisions of the laws that are referred to in the Schedule and that entrust to the Cabinet certain powers, duties or functions.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 17 June 1986

## SCHEDULE

1. Sections 2(c), 2(i), 3(1), 5(2)(a), 5(2)(b), 21(1)(a), 21(5), 22(1), 22(2), 30(2A)(a), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6), 57(1), 66(2) and 166 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).
2. Regulations 7(b), 16, 20(b), 20(c), 22(a), 22(b), 23, 24 and 26 of the Regulations under the Water Act, 1956, in respect of the Advisory Water Board for South West Africa, promulgated by Government Notice R.1277 of 23 July 1971.

- |   |   |
|---|---|
| <p>3. Regulasies 2, 5, 9, 10, 11(1) (behalwe ten opsigte van die intrekking van 'n reg of permit), 11(2) en 13 van die Regulasies kragtens die Waterwet, 1956, betreffende Ondergrondse Waterbeheergebiede, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R.1278 van 23 Julie 1971.</p> <p>4. Artikel 26(1) van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG.8 van 1980).</p> | <p>3. Regulations 2, 5, 9, 10, 11(1) (except in respect of the cancellation of a right or the withdrawal of a permit), 11(2) and 13 of the Regulations under the Water Act, 1956, in respect of Underground Water Control Areas, promulgated by Government Notice R.1278 of 23 July 1971.</p> <p>4. Section 26(1) of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG.8 of 1980).</p> |
|---|---|

---

**DEPARTEMENT VAN WATERWESE**

No. 167 1986

**OORDRA VAN BEVOEGDHEDE VERLEEN INGEVOLGE DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), EN DIE REGULASIES DAARKRAGTENS UITGEVAARDIG, AAN BEAMPTES VAN DIE DEPARTEMENT VAN WATERWESE**

Kragtens artikel 165 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) en Regulasies 15 van die Regulasies betreffende Ondergrondse Waterbeheergebiede, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R.1278 van 23 Julie 1971 -

- (a) dra die Kabinet hierby die bevoegdheede vervat in die wetsbepalings wat in kolom 1 van die Bylae vermeld word, oor aan die beamptes van die Departement van Waterwese wat in kolom 2 van die Bylae vermeld word; en
- (b) herroep die Kabinet hierby Goewermentskennisgewing AG. 12 van 20 Februarie 1980.

Op las van die Kabinet.

**A.N. MAJTILA**

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 17 Junie 1986

---

**DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS**

No. 167 1986

**DELEGATION OF POWERS GRANTED IN TERMS OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AND THE REGULATIONS PROMULGATED THEREUNDER, TO OFFICIALS OF THE DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS**

Under Section 165 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956) and Regulation 15 of the Regulations in respect of Underground Water Control Areas, promulgated by Government Notice R.1278 of 23 July 1971, the Cabinet hereby -

- (a) delegates the powers contained in the provisions of law mentioned in Column 1 of the Schedule to the officials of the Department of Water Affairs mentioned in Column 2 of the Schedule; and
- (b) repeals Government Notice AG. 12 of 20 February 1980.

By order of the Cabinet.

**A.N. MATJILA**

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 17 June 1986

## BYLAE

## SCHEDULE

KOLOM 1	KOLOM 2	COLUMN 1	COLUMN 2
Artikels 3(1), 5(2)(a), 5(2)(b), 21(1)(a), 21(5), 22(1), 22(2), 30(2A)(a), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6) (behalwe ten opsigte van die uitvaardiging van regulasies), 66(2) en 166 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).	Sekretaris	Sections 3(1), 5(2)(a), 5(2)(b), 21(1)(a), 21(5), 22(1), 22(2), 30(2A)(a), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6), (except in respect of the making of regulations), 66(2) and 166 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).	Secretary
Artikels 5(2)(a), 5(2)(b), 21(1)(a), 21(5), 22(1), 22(2), 30(2A)(a), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6) (behalwe ten opsigte van die uitvaardiging van regulasies), 66(2) en 166 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).	Direkteur	Sections 5(2)(a), 5(2)(b), 21(1)(a), 21(5), 22(1), 22(2), 30(2A)(a), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6) (except in respect of the making of regulations), 66(2) and 166 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).	Director
Artikels 5(2)(a), 5(2)(b), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6) (behalwe ten opsigte van die uitvaardiging van regulasies), 66(2) en 166 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).	Adjunk-direkteur	Sections 5(2)(a), 5(2)(b), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), 56(6) (except in respect of the making of regulations), 66(2) and 166 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).	Deputy Director
Artikels 5(2)(a), 5(2)(b), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5) en 166 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956).	Hoofbeheerbeampte	Sections 5(2)(a), 5(2)(b), 30(5)(a), 30(5)(b), 56(3), 56(5), and 166 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).	Chief Control Officer
Regulasies 5, 10, 11(1), 11(2) en 13 van die regulasies kragtens die Waterwet, 1956, betreffende Ondergrondse Waterbeheergebiede, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R.1278 van 23 Julie 1971.	Sekretaris Direkteur Adjunk-direkteur Hoofbeheerbeampte	Regulations 5, 10, 11(1), 11(2) and 13 of the Regulations under the Water Act, 1956, in respect of Underground Water Control Areas, promulgated by Government Notice R.1278 of 23 July 1971.	Secretary Director Deputy Director Chief Control Officer

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN  
NATUURBEWARING

No. 168

1986

OPDRA VAN DIE UITVOERING VAN  
SEKERE WETSBEPALINGS AAN DIE  
MINISTER VAN LANDBOU, WATERWESE  
EN SEEVISSERYE

Kragtens artikel 30(2) van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), dra die Kabinet hierby die uitvoering van die wetsbepalings wat in die Bylae vermeld word en wat sekere bevoegdhede, pligte of werksaamhede aan die Kabinet toewys, aan die Minister van Landbou, Waterwese en Seevisserye op.

op las van die Kabinet.

N. MATJILA

Lid van die Kabinet

Windhoek, 1 Augustus 1986

DEPARTMENT OF AGRICULTURE  
AND NATURE CONSERVATION

No. 168

1986

ASSIGNMENT OF THE ADMINISTRATION  
OF CERTAIN PROVISIONS OF LAW  
TO THE MINISTER OF AGRICULTURE,  
WATER AFFAIRS AND SEA FISHERIES

Under section 30(2) of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), the Cabinet hereby assigns to the Minister of Agriculture, Water Affairs and Sea Fisheries the administration of the provisions of the laws that are referred to in the Schedule and that entrust to the Cabinet certain powers, duties or functions.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 1 August 1986

## BYLAE

1. Artikels 3(1)(c); 3(1)(e); 21(1); 21(2); 21(3); 21(4)(a); 21(4)(b); 46(j) en 46(1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976).
2. Artikels 2(2); 5(2); 5(3); 6(1), (2) en (4); 10(5); 11(1)(a); 11(1)(c); 11(1)(d); 11(1)(e); 11(1)(f); 11(1)(h); 11(1)(i)(i) en (ii); 11(1)(j); 11(1)(k); 11(1)(n); 11(1)(o); 11(1)(p); 11(1)(q); 11(1)(r); 11(1)(t); 11(1)(u); 11(1)(v); 11(1)(w); 12; 14(1)(a), (b) en (c); 14(2); 14(4), (5) en (6); 14(7); 16(1); 18(1); 19; 19(a) tot (h); 20(a) tot (c); 21 en 26 van die Proklamasie op die Akkerboubedryf, 1985 (Proklamasie AG. 11 van 1985).
3. Artikels 10 en 23 van die Ordonnansie op die behoud van bome en bosse 1952 (Ordonnansie 37 van 1952).
4. Artikels 2A; 4A; 4(1); 4(3); 4(4) en 5 van die Wet op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1979 (Wet 18 van 1979).
5. Artikels 2(2)(a); 2(2)(b); 3; 4-A(f)(b); 4A(4); 4A(5); 5(1); 5(2); 5(3); 8(1)(c); 9(3); 9(4)(a); 9(4)(b); 10(g)(1); 11; 12(1); 12(1A); 13(5)(a); 13(5)(c); 31A; 31B(2); 31C(1); 31D(1) en 31D(2)(a) van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968).
6. Artikels 2(1); 2(3); 3(b)(vi); 4(3); 5(1); 5(3); 6(3); 5A(3); 5B(3); 7; 8; 10; 11(1); 11(2); 13(1); 13(2); 13(3); 13(4)(b); 13(5); 13(7); 13(8); 14(1); 14(2); 15; 16(1); 16(3); 16(4); 16(6); 17(1); 17(2); 17(3); 18(1)(a); 18(1)(b); 18(1)(c); 18(1)(d); 18(1)(e); 18(2); 18(3); 18(4); 18(A)(1); 18(A)(3); 19(4)(c)(v); 20(1); 20(2); 20(4)(b); 22; 24(1)(a); 24(1)(b); 24(1)(c); 24(3); 24(4); 24(5); 24(7); 24(8); 25(2); 26(a) en 31(2) van die Wet op Diersiektes en Parasiete, 1956 (Wet 13 van 1956).
7. Bepalings 1 en 11(4) van die Algemene bepalinge ter bereiking van die doelstellings van die Grondbewaringswet, 1969 (Goewermentskennisgewing R.495 van 1970).

## SCHEDULE

1. Sections 3(1)(c); 3(1)(e); 21(1); 21(2); 21(3); 21(4)(a); 21(4)(b); 46(j) and 46(1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976).
2. Sections 2(2); 5(2); 5(3); 6(1), (2) and (4); 10(5); 11(1)(a); 11(1)(c); 11(1)(d); 11(1)(e); 11(1)(f); 11(1)(h); 11(1)(i)(i) and (ii); 11(1)(j); 11(1)(k); 11(1)(n); 11(1)(o); 11(1)(p); 11(1)(q); 11(1)(r); 11(1)(t); 11(1)(u); 11(1)(v); 11(1)(w); 12; 14(1)(a), (b) and (c); 14(2); 14(4), (5) and (6); 14(7); 16(1); 18(1); 19; 19(a); to (h); 20(a) to (c); 21 and 26 of the Agronomic Industry Proclamation, 1985 (Proclamation AG. 11 of 1985).
3. Sections 10 and 23 of the Preservation of Trees and Forests Ordinance, 1952 (Ordinance 37 of 1952).
4. Sections 2A; 4A; 4(1); 4(3); 4(4) and 5 of the Density of Population in Designated Areas Act, 1979 (Act 18 of 1979).
5. Sections 2(2)(a); 2(2)(b); 3; 4-A(f)(b); 4A(4); 4A(5); 5(1); 5(2); 5(3); 8(1)(c); 9(3); 9(4)(a); 9(4)(b); 10(g)(1); 11; 12(1); 12(1A); 13(5)(a); 13(5)(c); 31A; 31B(2); 31C(1); 31D(1) and 31D(2)(a) of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968).
6. Sections 2(1); 2(3); 3(b)(vi); 4(3); 5(1); 5(3); 6(3); 5A(3); 5B(3); 7; 8; 10; 11(1); 11(2); 13(1); 13(2); 13(3); 13(4)(b); 13(5); 13(7); 13(8); 14(1); 14(2); 15; 16(1); 16(3); 16(4); 16(6); 17(1); 17(2); 17(3); 18(1)(a); 18(1)(b); 18(1)(c); 18(1)(d); 18(1)(e); 18(2); 18(3); 18(4); 18(A)(1); 18(A)(3); 19(4)(c)(v); 20(1); 20(2); 20(4)(b); 22; 24(1)(a); 24(1)(b); 24(1)(c); 24(3); 24(4); 24(5); 24(7); 24(8); 25(2); 26(a) and 31(2) of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act 13 of 1956).
7. Provisions 1 and 11(4) of the General Provisions in pursuance of the Objects of the Soil Conservation Act, 1969 (Government Notice R.495 of 1970).



8. Artikels 3(1); 3(3); 4(1); 4(2)(a)(ii); 4(2)(b); 4(3); 4(4); 5(1); 5(2)(a); 5(2)(b); 6; 7(1); 7(2); 7(5); 8; 9; 10; 13(3); 17(1); 18(1); 19 en 21 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969).
9. Artikels 4(2); 4(3); 4(4); 5(2); 5(4); 6(f); 10(1)(a); 10(1)(c); 10(1)(d); 10(1)(e); 10(1)(f); 10(1)(h); 10(1)(i)(i) en (ii); 10(1)(j); 10(1)(k); 10(1)(n); 10(1)(o); 10(1)(q); 10(1)(r)(i) tot (iv); 10(1)(s); 10(1)(t); 10(2)(b); 11; 12(1)(3), (5) en (8); 14(1); 14(2); 14(3)(b)(iv); 14(4); 14(5); 16(1); 18(1); 22(1); 23 en 24 van die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982 (Wet 14 van 1982).
10. Artikels 5(2) van die Naturelle Veebrandmerk Proklamasie, 1923 (Proklamasie 15 van 1923).
11. Artikels 3; 4(2)(a); 4(2)(b); 4(3); 4(4); 5(1) en 6A van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (Wet 70 van 1970).
12. Artikel 100(1) van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967).
13. Artikels 3; 4(2); 4(3)(a); 5(3); 5(4); 8; 10; 15; 29 en 30 van die Wet op die Suiwelnwyerheid, 1961 (Wet 30 van 1961) soos gewysig deur die Wysigingsproklamasie op die invoer van Margarien, 1978 (Proklamasie AG. 32 van 1978).
14. Artikels 19 en 25 van die Veebrandmerke-Ordonnansie 1931 (Ordonnansie 8 van 1931).
15. Artikels 5(3); 5(4); 7(2); 8(1)(f); 8(2); 10(2)(a); 13; 14(1); 15(1)(c); 20(1); 21(1); 29(1); 30(3) en 43(1) van die Proklamasie op Veterinêre en Para-Veterinêre Beroepe, 1984 (Proklamasie AG. 14 van 1984).
16. Artikels 4(2); 4(3); 5(1); 5(2); 5(4); 6(f); 10(1)(a); 9(5); 10(1)(b); 10(1)(c); 10(1)(d); 10(1)(e); 10(1)(f); 10(1)(h); 10(1)(i)(i) en (ii); 10(1)(j); 10(1)(k); 10(1)(n); 10(1)(o); 10(1)(p); 10(1)(q); 10(1)(r); 10(1)(s); 10(1)(t); 10(1)(u); 10(1)(v); 10(1)(w); 11; 13(1)(a), (b), en (c); 13(2); 13(4), (5) en (6); 13(7); 15(1); 15(2); 17(1); 18; 19; 20 en 24(1) van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981).
8. Sections 3(1); 3(3); 4(1); 4(2)(a)(ii); 4(2)(b); 4(3); 4(4); 5(1); 5(2)(a); 5(2)(b); 6; 7(1); 7(2); 7(5); 8; 9; 10; 13(3); 17(1); 18(1); 19 and 21 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969).
9. Sections 4(2); 4(3); 4(4); 5(2); 5(4); 6(f); 10(1)(a); 10(1)(c); 10(1)(d); 10(1)(e); 10(1)(f); 10(1)(h); 10(1)(i)(i) and (ii); 10(1)(j); 10(1)(k); 10(1)(n); 10(1)(o); 10(1)(q); 10(1)(r)(i) to (iv); 10(1)(s); 10(1)(t); 10(2)(b); 11; 12(1)(3), (5) and (8); 14(1); 14(2); 14(3)(b)(iv); 14(4); 14(5); 16(1); 18(1); 22(1); 23 and 24 of the Karakul Pelts and Wool Act, 1982 (Act 14 of 1982).
10. Section 5(2) of the Native Stock Brands Proclamation, 1923 (Proclamation 15 of 1923).
11. Sections 3; 4(2)(a); 4(2)(b); 4(3); 4(4); 5(1) and 6A of the Subdivisions of Agricultural Land Act, 1970 (Act 70 of 1970).
12. Section 100(1) of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967).
13. Sections 3; 4(2); 4(3)(a); 5(3); 5(4); 8; 10; 15; 29 and 30 of the Dairy Industry Act, 1961 (Act 30 of 1961) as amended by the Importation of Margarine Amendment Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 32 of 1978).
14. Sections 19 and 25 of the Stock Brands Ordinance, 1931 (Ordinance 8 of 1931).
15. Sections 5(3); 5(4); 7(2); 8(1)(f); 8(2); 10(2)(a); 13; 14(1); 15(1)(c); 20(1); 21(1); 29(1); 30(3) and 43(1) of the Veterinary and Para-Veterinary Professions Proclamation, 1984 (Proclamation AG. 14 of 1984).
16. Sections 4(2); 4(3); 5(1); 5(2); 5(4); 6(f); 10(1)(a); 9(5); 10(1)(b); 10(1)(c); 10(1)(d); 10(1)(e); 10(1)(f); 10(1)(h); 10(1)(i)(i) and (ii); 10(1)(j); 10(1)(k); 10(1)(n); 10(1)(o); 10(1)(p); 10(1)(q); 10(1)(r); 10(1)(s); 10(1)(t); 10(1)(u); 10(1)(v); 10(1)(w); 11; 13(1)(a), (b) and (c); 13(2); 13(4), (5) and (6); 13(7); 15(1); 15(2); 17(1); 18; 19; 20 and 24(1) of the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981).

17. Artikels 4(1)(a); 4(2); 8; 9(1); 9(2); 9(4); 10(2); 11(1); 11(2); 11(3) en (5); 12; 13; 17(2); 19(3); 21(6); 22(2); 24(1); 24(3); 25; 26; 27(a); 27(b); 28; 31; 32 en 33 van die Wet op Landbouplae 1973 (Wet 3 van 1973).

17. Sections 4(1)(a); 4(2); 8; 9(1); 9(2); 9(4); 10(2); 11(1); 11(2); 11(3) and (5); 12; 13; 17(2); 19(3); 21(6); 22(2); 24(1); 24(3); 25; 26; 27(a); 27(b); 28; 31; 32 and 33 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973).

---

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 169

1986

OPDRA VAN DIE UITVOERING VAN  
SEKERE WETSBEPALINGS AAN DIE  
MINISTER VAN FINANSIES EN  
OWERHEIDSAKE

Kragtens artikel 30(2) van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), dra die Kabinet hierby die uitvoering van die wetsbepalings wat in die Bylae vermeld word en wat sekere bevoegdhede, pligte of werksaamhede aan die Kabinet toewys, aan die Minister van Finansies en Owerheidsake op.

Op las van die Kabinet.

A.N. MATJILA

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 16 Julie 1986

BYLAE

Artikels 2(2); 2(3); 2(4)(a); 2(4)(b); 3; 6(1); 6(4)(a); 6(4)(b); 7(1)(b); 7(2) (slegs magtiging vir aanwending van besparings in subartikel (1)(a) bedoel); 9(1); 9(3); 10(1)(aa); 10(2)(a); 10(6)(b); 13(1)(a); 13(1)(b)(i) tot (x); 13(4)(a); 13(4)(b); 14(1)(a); tot (c); 14(2); 15; 16(1); 16(2)(a); 16(2)(b); 17(1); 18(a); 18(b) en (c); 19(a); 19(b); 20(2); 21; 26(2); 27(4); 28(2); 34; 35(2) en (3) van die Wet op Staatsfinansies, 1982 (Wet 1 van 1982).

---

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 169

1986

ASSIGNMENT OF THE ADMINISTRATION  
OF CERTAIN PROVISIONS OF LAW  
TO THE MINISTER OF FINANCE AND  
GOVERNMENTAL AFFAIRS

Under section 30(2) of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), the Cabinet hereby assigns to the Minister of Finance and Governmental Affairs the administration of the provisions of the law that are referred to in the Schedule and that entrust to the Cabinet certain powers, duties or functions.

By order of the Cabinet

A.N. MATJILA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 16 July 1986

SCHEDULE

Sections 2(2); 2(3); 2(4)(a); 2(4)(b); 3; 6(1); 6(4)(a); 6(4)(b); 7(1)(b); 7(2) (only authorisation of utilisation of savings referred to in subsection (1)(a); 9(1); 9(3); 10(1)(aa); 10(2)(a); 10(6)(b); 13(1)(a); 13(1)(b)(i) to (x); 13(4)(a); 13(4)(b); 14(1)(a) to (c); 14(2); 15; 16(1); 16(2)(a); 16(2)(b); 17(1); 18(a); 18(b) and (c); 19(a); 19(b); 20(2); 21; 26(2); 27(4); 28(2); 34; 35(2) and (3) of the State Finance Act, 1982 (Act 1 of 1982).

## DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL  
AFFAIRS

No. 170 1986

No. 170 1986

RAAD VIR BUITESTEDELIKE  
ONTWIKKELING: WYSIGING VAN  
REGULASIES OP  
ELEKTRISITEITSVERSKAFFING:  
MALTAHÖHE

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD:  
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY  
REGULATIONS: MALTAHÖHE

Die Kabinet het kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 281 van 1976, met ingang van 1 April 1986, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

The Cabinet has under section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), with effect from 1 April 1986, further amended the regulations promulgated under Government Notice 281 of 1976, as set out in the Schedule.

## BYLAE

## SCHEDULE

1. Die opskrif as sodanig en die opskrif in Vorm C van die Bylae by Deel III word hierby gewysig deur die woorde "Dorpsbestuur van Maltahöhe" deur die woorde "Buitestedelike Gebied van Maltahöhe" te vervang.

1. The heading as such and the heading in Form C of the Annexure to Part III is hereby amended by the substitution for the words "Village Management Board of Maltahöhe" of the words "Peri-Urban Area of Maltahöhe".

2. Deel I word hierby gewysig -

2. Part I is hereby amended -

(a) deur in regulasie 1 in die woordskrywing van -

(a) by the substitution in regulation 1 in the definition of -

(i) "leweringsowerheid" die woorde "Dorpsbestuur van Maltahöhe" deur die woorde "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling" te vervang; en

(i) "supplying authority" for the words "Village Management Board of Maltahöhe" of the words "Peri-Urban Development Board"; and

(ii) "sekretaris" die woorde "Dorpsbestuur van Maltahöhe" deur die woorde "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling" te vervang; en

(ii) "secretary" for the words "Village Management Board of Maltahöhe" of the words "Peri-Urban Development Board"; and

(b) deur in regulasie 2 die woorde "dorpsgebied van Maltahöhe" deur die woorde "buitestedelike gebied van Maltahöhe" te vervang.

(b) by the substitution in regulation 2 for the words "township of Maltahöhe" of the words "peri-urban area of Maltahöhe".

Aanhangsel C word hierby gewysig -

3. Appendix C is hereby amended -

(a) deur in item 1(b) na die woord "sekretaris" waar dit vir die eerste maal voorkom, die woorde "van die dorpsbestuur" te skrap;

(a) by the deletion in item 1(b) after the word "secretary", where it occurs for the first time, of the words "of the village management board";

(b) deur paragraaf (c) van item 3 deur die volgende paragraaf te vervang;

“(c)(i) Indien ’n verbruiker ’n stroombreker van ’n ander vermoë as die van die bestaande geïnstalleerde stroombreker verlang, kan hy op ’n vorm deur die sekretaris voorsien, by die leweringsowerheid aansoek doen om die vervanging van die bestaande stroombreker deur ’n stroombreker van ’n ander vermoë, waarop die leweringsowerheid ’n stroombreker met die verlangde vermoë -

(aa) vir sover so ’n stroombreker beskikbaar is; en

(bb) by betaling van die vervangingskoste van daardie stroombreker,

moet installeer.

(iii) By die toepassing van subparagraaf (i) beteken “vervangingskoste” die aankoopprys deur die leweringsowerheid betaal vir die betrokke stroombreker plus ’n toeslag van 15 persent daarop; en

(c) deur paragrawe (a) en (b) van item 5 deur die volgende paragrawe te vervang:

“(a) Tarief I

Lewering aan verbruikers vir huishoudelike doeleindes, teen 220 V-enkelfase of 380/220 V-driefase, met ’n minimumstroombrekersvermoë van 15-ampère-enkelfase en -driefase en ’n maksimumstroombrekersvermoë van 60-ampère-enkelfase en -driefase:

(i) Basiese heffing:

Per ampère, per maand of gedeelte van ’n maand, bereken op die saamgestelde sterkte van

(b) by the substitution for paragraph (c) of item 3 of the following paragraph:

“(c)(i) If a consumer requires a circuit breaker of a rating other than that of the consisting installed circuit breaker, he may, on a form supplied by the secretary make application to the supplying authority for the replacement of the consisting circuit breaker by a circuit breaker of a different rating, whereupon the supplying authority shall, -

(aa) in so far as such a circuit breaker is available; and

(bb) on payment of the replacement costs of that circuit breaker,

install a circuit breaker with the required rating -

(ii) For the purposes of subparagraph (i) “replacement costs” shall mean the purchase price paid by the supplying authority for the circuit breaker concerned plus a surcharge of 15 per cent thereon; and

(c) by the substitution for paragraphs (a) and (b) of item 5 of the following paragraphs:

“(a) Tariff I

Supply to consumers for domestic purposes, at 220 V-single-phase or 380/220 V-three-phase with a minimum circuit breaker rating of 15-ampère single-phase and three-phase and a maximum circuit breaker rating of 60-ampère single-phase and three-phase:

(i) Basic charge:

Per ampère, per month or part of a month, calculated on the summated rating of the circuit

die stroombrekers by die leweringpunt na die betrokke verbruiker ..... R0,61

breakers at the point of supply to the consumer concerned ..... R0,61.

(ii) Eenheidsheffing:

Per kWh-eenheid, per maand of gedeelte van 'n maand, verbruik ..... R0,11

(ii) Unit-charge:

Per kWh-unit, per month or part of a month, consumed ..... R0,11.

(b) Tarief II

(b) Tariff II

Lewering aan alle verbruikers (uitgesonderd die in paragraaf (a) bedoelde verbruikers), teen 220 V-enkelfase of 380/220 V-driefase, met 'n minimumstroombrekersvermoë van 15-ampère-enkelfase en -driefase en 'n maksimumstroombrekersvermoë van 180-ampère-enkelfase en -driefase:

Supply to all consumers (excluding the consumers referred to in paragraph (a)), at 220 V-single-phase or 380/220 V-three-phase, with a minimum circuit breaker rating of 15-ampère single-phase and three-phase and a maximum circuit breaker rating of 180-ampère single-phase and three-phase:

(i) Basiese heffing:

Per ampère, per maand of gedeelte van 'n maand, bereken op die saamgestelde sterkte van die stroombrekers by die leweringpunt na die betrokke verbruiker ..... R1,14

(i) Basic charge:

Per ampère, per month or part of a month, calculated on the summated rating of the circuit breakers at the point of supply to the consumer concerned ..... R1,14.

(ii) Eenheidsheffing:

Per kWh-eenheid, per maand of gedeelte van 'n maand, verbruik ..... R0,11".

(ii) Unit-charge:

Per kWh-unit, per month or part of a month, consumed ..... R0,11".

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 171

1986

No. 171

1986

MUNISIPALE GEBIED VAN USAKOS:  
LASGEWING VAN MAANDELIKSE  
BYDRAES KRAGTENS DIE ORDONNANSIE  
INSAKE HEFFINGS EN BYDRAES VIR  
INBOORLINGBEHUISING, 1961

MUNICIPAL AREA OF USAKOS:  
DIRECTION OF MONTHLY  
CONTRIBUTIONS UNDER THE NATIVE  
HOUSING LEVY AND CONTRIBUTIONS  
ORDINANCE, 1961

Kragtens artikel 3(1)(b) van die Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961 (Ordonnansie 33 van 1961), gelas die

Under section 3(1)(b) of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961), the Cabinet hereby directs

Kabinet hierby dat die bedrag van R11,00 die maandelikse bydrae is wat elke werkgewer moet betaal ten opsigte van elke volwasse manlike werker soos bedoel in gemelde artikel 3(1)(b) wat by sodanige werkgewer werk binne die in paragraaf (ii) van Goewermentskennisgewing No. 154 van 1978 bedoelde verklaarde behuisingsgebied en dat genoemde bedrag die bydrae wat in paragraaf (iii) van genoemde Goewermentskennisgewing, soos gewysig, vervat is, vervang.

Op las van die Kabinet

A.N. MATJILA

Voorsitter van die Kabinet

Windhoek, 15 Augustus 1986

that the amount of R11,00 shall be the monthly contribution to be paid by every employer in respect of every adult male employee referred to in the said section 3(1)(b) employed by such employer within the declared housing area referred to in paragraph (ii) of Government Notice No. 154 of 1978, and that the said amount shall be substituted for the contribution contained in paragraph (iii) of the said Government Notice, as amended.

By order of the Cabinet.

A.N. MATJILA

Chairman of the Cabinet

Windhoek, 15 August 1986

#### DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 172

1986

#### SLUITING VAN PLAASPAD 289 EN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 249: DISTRIK KARASBURG

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Karasburg, plaaspad 289 en die gedeelte van plaaspad 249 wat in Bylaes I en II beskryf en deur, onderskeidelik die simbole A-B en B-C op sketskaart P1295 aangetoon word, gesluit het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

#### BYLAE I

